GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

5de Sondag van Paastyd

Ds. Pieter van Santen
Tema: Die 7 C's - #4: Care (Doop)
Teks: Lukas 10: 25-37

Kinders kom almal saam met hulle ouers in Tuinedal se kerkgebou bymekaar. Daar sal aktiwiteite vir die jongspan uitgedeel word. Tieners (gr.7 en ouer) sit saam met hul gesinne in die kerk en na die erediens het ons 'n kort bespreking en kuiertyd.

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA 'N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.



NOODVOEDING IN TUINEDAL

Tuinedal, in samewerking met George-Suid, gee maandliks voedselhulp-pakkies aan meer as 80 behoeftige gesinne. Daar word ook deurlopend, gedurende die maand, kos, skoonmaak- en higiëneprodukte aan verskeie gesinne voorsien, waar die nood groot is.

CHREMHOG & NAGSKUILING

Die nood in George-sentraal is groot vir hawelose persone en Cremhog speel hier 'n baie belangrike rol. Hulle voorsien daagliks klaar-voorbereide etes aan behoeftige persone in die middedorp.
Die Nagskuiling bied 'n veilige hawe vir mense wat nie huise het nie. Hier ontvang sulke persone 2 etes per dag, skoon geriewe om in te stort en ook 'n bed om in te slaap. Hulle help ook persone met ander maatskaplike dienste soos om vir 'n ID of SASSA-betalings aansoek te doen.

KRY & RY TERUGVOER

Baie dankie aan almal wat gehelp het met hierdie fonds-insamerling. Ons het 'n wins gemaak van R13,700. Dit is 42% meer as ons vorige poging.

"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."
– Matt 5:9

DEURKOLLEKTE:
Tuinedal Jeug

Snapscan QR-kode vir maklike betaling

JY IS GEDOOP

Baie geluk aan die Potts-gesin, met die doop van klein Cira!

ONS REIK UIT

Ons jongmense, tesame met George-Suid-gemeente, is opgewonde oor 'n paar uitreik-geleenthede wat ons aan wil deelneem in die jaar. Dit begin sommer vroeg al en ons wil dat almal hiermee help.

1. **Bid asseblief** dat die mense na wie ons uitreik, se harte ontvanklik sal wees vir nie net die fisiese kos, maar ook vir die geestelike kos wat ons vir hulle wil gee.
2. **Ondersteun die jongmense** deur vir hulle oop hande en harte te hê wanneer hulle dalk items moet insamel en by jou kom vra. Bid ook dat hulle iets sal leer uit die proses, oor hoe belangrik dit is om van jouself en jou goed te gee.

Die volgende in maar net sommige van die uitreike wat beplan word en jy kan solank daarvoor begin bid: (meer besonderhede nader aan die tyd)

1. **30 Mei:** Jongmense gaan kos en skoonmaak/higiëne-pakkies in George gemeenskap uitdeel.
2. Gesinne gaan vanaf **11-18 Julie** uitreik na Kammieskroon en omliggende nedersettings in die Noordkaap. Die gemeenskap daar het vreugde en ook verf vir 'n paar mure nodig. **Plek vir slegs 20 mense, bespreek solank jou plek.**

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal, Tjek rek no: 114 289 5416, Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ...vir alles wat die Here vir ons **George-gemeenskap** beplan. Mag Sy planne vir ons tot uitvoering kom.
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van 'n teenmiddel en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ... vir die **leierskap en kerkraad** van Tuinedal. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. Vir die implementering van die besluite en vir die uitwerk van hoe ons gaan saamwerk met George-Suid gemeente.
- ...vir die **ekonomiese klimaat** in ons land, verantwoordelike rentmeesterskap, etiese leierskap en goeie finansiële bestuur.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kammieskroon onder YFC.

Siekes en ongesteldes in ons gemeente: **Robbie J v Rensburg** (kanker), **Werner Ekron** (val, operasie), **Nico J v Rensburg** (siek), **Christine Thompson** (longe), Van Santen-gesin – **ouma Amanda** (kanker), **Anelda Jacobs** (14) (kanker), **Judy** (kanker), **Annalisa** (kanker), **Marlyn van Rooyen** (kanker), **George Delport** (kanker) en almal wat herstel na kankerbehandeling.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Vandag 2 Mei:	**Annelies Fourie** Dor7, **Elna Muller** BW1 & **Frannie van Niekerk** PA2
Môre 3 Mei:	**Emma Figland** PA4
Dinsdag4 Mei:	**Renette Schroeder** BW4
Donderdag 5 Mei:	**Wendy Gelderblom** GS2
Vrydag 6 Mei:	**Rina Marais** K2 & **Andrew Prins** BW7
Saterdag 7 Mei:	**Anli van Santen** Dor6

Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.